NOVEMBER- EKSAMEN 2018

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 10

VRAESTEL 1

PUNTE : 80 TYD : 2 UUR

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings EN **12** bladsye

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal | (40 punte) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**b.o....Bl. 2**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**VRAAG 1**

**TEKS A**

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

# Die rol en invloed van sosiale media

| | |
|---|---|
| 1 | Sosiale media speel 'n belangrike rol in die lewe van tieners. 'n Paar leerders van Ntumediseng Hoërskool in Botshabelo en St. Bernards Hoërskool in Mangaung gee hulle opinies oor sosiale media. |
| 2 | **Tsidi**: Baie ma's en pa's kla omdat tieners konstant op hulle selfone besig is, selfs al is hulle fisies bymekaar. Daarmee saam hoor mens van gebeure waar tieners deur middel van WhattsApp-boodskappe en Facebook - foto's in die moeilikheid gebring is. |
| 3 | **Thabo**: Ek dink ons moet onthou dat tegnologiese kommunikasie baie verander het. As mens mooi kyk, doen tieners niks anders as wat hulle ma's en pa's as tieners gedoen het nie – hulle gebruik net ander metodes. Die ma's en pa's het as tieners ook gereeld hulle vriende gebel en vir hulle briefies gestuur. Moderne tegnologie maak dit net baie makliker en vinniger. Tieners stuur vandag WhattsApp – boodskappe en sit inligting op Facebook. Ons moet oppas om nie sommer vinnig te veroordeel nie. Selfone is net 'n ander manier van kommunikeer. |
| 4 | **Thembi**: Ons moet ook onthou dat selfone nadele het. Tegnologie veroorsaak dat ons nie meer goed kan kommunikeer nie. Dit beteken dat ons nie meer woorde soos "asseblief, dankie en ek is jammer" gebruik nie. Selfone maak dit ook makliker vir mense met slegte bedoelinge om met tieners kontak te maak. Dit gebeur ook al hoe meer dat "kuberboelie" plaasvind, waar kinders in sosiale media sleggesê word deur skoolmaats of vriende/vriendinne. |
| 5 | **Thato:** Ek glo dat my ouers my gehelp het om versigtig met sosiale media te werk. Hulle het redelike reëls in ons huis gehad oor die gebruik van selfone, WhattsApp-boodskappe en die internet. Ons mag nie as ons geëet het of as familie saam gekuier het, op ons selfone gepraat het nie. Wanneer ons regtig baie stout was, het my ouers ons selfone vir 'n tyd weggevat. |
| 6 | **Moeketsi:** Ek is baie bly oor die sosiale media. My selfoon het my geleer om sosiaal met mense te kommunikeer. Dit is vandag die manier om dinge te doen. |
| 7 | **Andiswa:** Weet julle ek is bly my ouers my al die gevare van sosiale media geleer het. Hulle het met my gepraat oor die gevare en voordele van sosiale media. Hulle het my vertrou en my geleer om onmiddellik met hulle te praat as ek 'n SMS of WhattsApp kry met 'n gevaarlike boodskap. Hulle het my |

privaatheid respekteer en nie my SMS'e en WhattsApps gelees sonder om vir my te vra nie. Ek dink ons sal almal ook ons kinders kan leer om sosiale media tot hulle voordeel te gebruik.

[Verwerk vanaf RSG webtuiste: *Gesprek met Louis en Lisa*]

1.1 Wat speel 'n belangrike rol in die lewe van tieners? (1)

1.2 Watter **TWEE** skole se tieners gee hulle mening oor sosiale media? (1)

1.3 Waaroor kla baie ma's en pa's volgens Tsidi? (1)

1.4 Watter **TWEE** soorte media kan tieners volgens Tsidi in die moeilikheid bring? (2)

1.5 Waarom is die volgende stelling **WAAR ?**
Vandag se tieners kommunikeer anders as hulle ouers. (1)

1.6 Hoe het die tieners se ouers gekommunikeer volgens Thabo? (1)

1.7 Noem **DRIE** redes hoekom ons kan sê dat tieners nie meer goed kan kommunikeer nie. (3)

1.8 Wat is die **DRIE** nadele van Sosiale media volgens Thembi? (3)

1.9 Wat doen kuberboelies? (1)

1.10 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (1.10) en die letter (A – D) neer.

Thato-hulle mag nie tydens ete ...

A WhattsApp-boodskappe gestuur het nie.
B gesels het nie.
C op hulle selfone gepraat het nie.
D saam gekuier het nie. (1)

1.11 Op watter manier het Thato se ouers baie stout kinders gestraf? (1)

1.12 Wat is die manier van doen volgens Moeketsie? (1)

1.13 Wat beteken die woord kommunikeer in paragraaf 6? (1)

1.14 Noem **TWEE** belangrike dinge wat Andiswa se ouers vir haar geleer het. (1)

1.15 Kies die KORREKTE woorde tussen hakies.
Andiswa se ouers het haar geleer om (dadelik/nooit) met hulle te praat as sy 'n gevaarlike SMS gekry het. (1)

1.16 Noem TWEE maniere waarop Andiswa se ouers haar privaatheid gerespekteer het. (1)

1.17 Die titel van hierdie artikel is: "Die rol en invloed van sosiale media".

Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (1.16) en die letter (A – D) neer.

Dit beteken dat ...

A die sosiale media belangrik is in die lewe van tieners.
B sosiale media nie so baie belangrik vir ouers is nie.
C selfone se invloed min op tieners is.
D tieners baie min van die internet weet. (1)

1.18 Waarom dink jy is dit goed vir tieners om die artikel te lees? Noem TWEE redes wat jy in TEKS A gelees het. (2)

Teks B



1.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (1.19) en die letter (A – D) neer.

Wees slim met jou selfoon beteken in die advertensie om

A 'n lae selfoonrekening te hê.
B slim rekenaarspeletjies te speel.
C die nuutste selfoon te hê.
D te weet hoe 'n selfoon werk. (1)

1.20 Noem DRIE dinge wat jou mikpunt moet wees hierdie maand? (3)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die vraagnommer (1.21) en die letter (A – D) neer.

As iemand geldslim is, werk hy / sy

A verkeerd met geld
B versigtig met geld.
C baie goed met geld.
D dom met geld. (1)

1.22 Vir watter maand is die spaarwenke? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

## AFDELING B

**OPSOMMING**

**TEKS C: VRAAG 2**

- Som die die positiewe (goeie) en negatiewe (slegte) effekte van sosiale netwerke vir tieners op.
- Skryf die **SEWE** dinge **PUNTSGEWYS** neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

***Die positiewe (goeie) en negatiewe (slegte) effekte van sosiale netwerke vir tieners.***

'n Sosiale netwerk is 'n webwerf (website) op die internet wat mense help om te kommunikeer, boodskappe en prente te stuur en inligting te kry.

'n Positiewe effek van die sosiale netwerke is dat tieners maklik inligting vir mekaar kan stuur. Dit spaar tyd en geld en stel die kind in staat om beter te studeer.

Sosiale netwerke help tieners ~~ook om~~ maklik inligting te kry vir hulle assesseringstake.Hulle hoef nie tyd te mors deur na 'n biblioteek toe te gaan nie.

Tieners kan ook op sosiale netwerke na musiek van hulle beste kunstenaars luister. Dit help om te ontspan en stres te verlig.

Sosiale netwerke het ook negatiewe effekte. Tieners wat te veel op sosiale netwerke is kan depressief word omdat hulle nie so baie geld het soos die kunstenaars wat hulle volg nie.

As 'n tiener te veel op die sosiale netwerke gesels, word hulle bang om met ander mense te praat. Hulle kan net "praat" as hulle boodskappe met WhattsApp stuur.

Een van die redes vir tieners se swak punte is sosiale netwerke, want tieners lees eerder facebook as om te leer.

Tieners wat heeldag op sosiale netwerke is, doen nie oefeninge nie en word so vet. Hulle kry siektes soos diabetees, hartkwale en beroertes.

**(10)**

**EN**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die advertensie en beantwoord die vrae.
Teks D




[Internet Advertensie]

3.1 Skryf die twee woorde waaruit die woord **vroegdag** bestaan, neer. (1)

3.2 Gee die **VERKLEINING** van die woord fiets. (1)

3.3 Skryf die syfer **15** uit in woorde. (1)

3.4 Die woord "verdien" bestaan uit die lettergrepe ver-dien.

Verdeel die woord **motorfiets** in lettergrepe en skryf dit neer. (1)

3.5 Gee die **MEERVOUD** van die woord **maand.** (1)

3.6 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

Die doel van die seuns wat fiets ry in die advertensie is om ...

A vir die mense te sê wat alles die dag gaan gebeur.
B te sê watter werk daar vir seuns is.
C vir die mense te help om die advertensie te lees.
D dit interessant te maak. (1)

3.7 Skryf die sin in die **VERLEDE TYD.**
Jy kan jou eie inkomste verdien. (1)

3.8 Hoekom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes in die advertensie? (1)

3.9 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-D) neer.

*Raak meer onafhanklik* beteken in die advertensie ...

A jy gaan uit die huis uit.
B jy kan op jou eie fiets ry.
C jy kan jou eie geld hê.
D jy het meer geld. (1)

3.10 Skryf die sin in die **ONTKENNING.**
Jy kan Hester Fourie skakel. (1)
**[10]**

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E: STROKIESPRENT



4.1 Skryf die **TYD** oor in woorde : Hulle het om 14:00 vertrek. (1)

4.2 Skryf die sin in die **TOEKOMENDE TYD.**

Die gesin trek hulle Idiaanklere aan.
Begin so: Die gesin ... (1)

4.3 Skryf die sin in 'n **VRAAGSIN**. Begin met die onderstreepte woord.

Krabbel **skrik** haar boeglam. (1)

4.4 Skryf die sin in die **DIREKTE REDE.**

Papa sê dat Krabbel hambburgers eet.
Begin so: Pappa sê :"......... (1)

4.5 Gee 'n **ANTONIEM** vir **skoon.** (1)

4.6 Skryf die sin in die **LYDENDE VORM.**
Bobo eet baie hamburgers.
Begin so: Baie hamburgers word ... (1)

4.7 Skryf die woord wat in die sin met 'n **HOOFLETTER** gespel moet word, neer.
pappa braai graag frikadelle vir die hamburgers. (1)

4.8 Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies.
Krabbel is van al die kinders die **(bang)** vir spoke. (1)

4.9 Skryf die volgende sin as 'n **BEVELSIN.**
Krabbel eet haar hamburger. (1)

4.10 Gee die **INTENSIEWE VORM** van stil in die volgende sin:
Bobo, bly asseblief **stil**! (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

**VRAAG 5.1**

**TEKS F: ARTIKEL**

Gebruik die teks om die vrae te beantwoord.

(5.1.1) (VOOR + DELE) VAN DIE KUBERRUIMTE

Die kuberruimte is die internet en die (5.1.2) WWW. Dit help ons om dinge te doen wat twintig jaar terug onmoontlik was.

Die kuberruimte help ons om e-posse te stuur. Hierdie e-posse kan oor (5.1.3) (die / 'n) hele wêreld gestuur word. Dit beteken iemand kan my boodskap binne sekondes in Amerika lees.

Die kuberruimte help ons ook lugtyd te koop. Ander dinge soos boeke, CD's,en DVD's kan ook deur middel van die kuberruimte gekoop word. Ons gebruik ook die kuberruimte om Youtube te kyk.

Dit is ook baie lekker om al jou (5.1.8) (geldsake / geldsakke) deur middel van die internet te doen. Jou pa kan vir jou vinnig geld na 'n kitsbank stuur en jy kan dit daar gaan haal.

Die kuberruimte word ook gebruik vir facebook en Twitter.

5.1.1 Skryf **voor + dele** as EEN woord. (1)

5.1.2 Skryf die AFKORTING www uit. (1)

5.1.3 Kies die regte **LIDWOORD.**
(die / 'n) hele wêreld gebruik die internet. (1)

5.1.4 Skryf die sin in 'n **VRAAGSIN**. Begin met **WAT**.
Die kuberruimte is baie nuttig om lugtyd te koop. (1)

5.1.5 Skryf die sin in die **VERLEDE TYD.**

Iemand lees my boodskap binne minute in Amerika.
Begin so: Iemand . (1)

5.1.6 Skryf die sin in die **TOEKOMENDE TYD.**

Ons gebruik ook die kuberruimte om Youtube te kyk.
Begin so: Ons sal ... (1)

5.1.7 Skryf die sin in die **INDIREKTE REDE.**

Pa sê: Ek betaal die geld elke maand.
Begin so: Pa sê dat ... (1)

5.1.8 Kies die regte woord tussen hakies.
Jy kan al jou (geldsake / geldsakke) deur middel van die internet doen. (1)

5.1.9 Gee die **VERKLEININGSVORM** van kitsbank. (1)

5.1.10 Gee die **AFKORTING** van **deur middel van.** (1)

5.1.11 Gee die **VERGROTENDE TRAP** van **vinnig.** (1)

5.1.12 Rangskik die woorde tussen hakies in **DIE REGTE VOLGORDE**. Skryf die sin oor.

Tieners kyk (opgewonde / op hulle selfone / elke dag) na Youtube videos. (1)

5.1.13 Beantwood die vraag in die **ONTKENNING.**


Het jy al facebook gebruik ?

Begin so : Nee,....... (2)

**[14]**

**VRAAG 5.2**

**TEKS G**




5.2.1 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Die (deur / deer) van die yskas is toe. (1)

5.2.2 Vul 'n komma en 'n punt in die volgende sin in en onderstreep dit

Die sop kook op die stoof want dit is winter (2)

5.2.3 Kies die regte woord tussen hakies:

Die kat sit op die (stoel / stool) (1)

5.2.4 Kies die regte woord tussen hakies.

Die (bake / bakke) staan langs die wasbak. (1)

5.2.5 Kies die regte woord tussen hakies.

Die heerlike koek staan (op / langs / bo) die tafel. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL : 80**